



SAM KAHN SE REIS OORBODIG: VIND BUITELAND KLAAR INGELIG

In die Ystergordyn-lande word soveel propaganda teen Suid-Afrika versprei dat mnr. Sam Kahn, rooi L.V. wat so pas uit die buiteland teruggekeer het, dit nouliks nodig gevind het om sy vriende agter die gordyn „in te lig” omtrent

die land waarvan hy 'n burger is, volgens 'n artikel oor sy reis in die Kommunistiese blad Guardian.

Die eerste feit wat hom getref het, aldus mnr. Kahn, was dat sy Kommunistiese Party-kaart 'n paspoort tot internasionale vriendskap „in elke deel van Europa” was.

„'n Ander ontdekking wat

ek oorsees gemaak het, was dat dit nie vir my nodig was om lang en kritiese toesprake te hou om die mense daar onder die indruk te bring van watter nazi-gesinde regering ons in Suid-Afrika het nie.

Die belangstelling in Suid-Afrika is geweldig en ek het dit as voldoende gevind om uittreksels uit ons wetboeke voor te lees, lewens- en sterftesyfers te noem van ons volk en om kolomme uit Hansard voor te lees van toesprake deur dr. Malan, dr. Dönges, Eric Louw, mnr. Strydom en ander Nasionale leiers.

„Engelse het gou tot hul eie gevolgtrekkings gekom. Soos een Britse Arbeider-parlements-lid aan my gesê het: „Dit is die dinge waarvoor ons Göbbels opgehang het.”

(Vir Britse Arbeider-parlementslede wat so onkundig omtrent wêreldsake is dat hulle onder die indruk verkeer dat die Britte „vir Göbbels opgehang het”, is dit natuurlik moontlik om enigiets omtrent Suid-Afrika ook wys te maak.)

INDIËRS SLUK LONDENSE PIL MET GEJUIG

Met groot vlaggeswaai het die Indiese volk verlede Donderdag die Britse gesuikerde empire-pil gesluk toe Indië formeel sy Britse benaming van Dominium verander het na Republiek — nog steeds binne die Britse Statebond, en dus met volle handhawing van die Britse konneksie. Engels sal nog vir vyftien jaar die amptelike taal bly.

Die nuwe grondwet proklameer Indië as 'n „soewereine, demokratiese republiek” en maak voorsiening vir die parlementêre stelsel op federale basis.

Laasgenoemde feit herinner aan die Cape Times se gerusstelling aan Britse lesers in verband met Indië se posisie toe die Rykskonferensie in Londen verlede April die besluit geneem het om Indië 'n republiek te laat word:

Dit Was Goed — Waarom Kwaad?

Dit is met groot belangstelling en 'n mate van bevrediging wat ek die onlangse onthullings, of laat my dit liever noem, openbaarmaking van pogings deur partyleiers tot groter samewerking, gelees het, skryf genl. J. A. Smith. Ek begryp nou nie waarom daarteen beswaar gemaak word nie en waarom een van die leiers, dr. Malan, so kwaad geword het dat hy nou somer 'n valse, 'n moedswillig valse, beskuldiging teen die O.B. maak dat dit nou die instrument van die S.A. Party sou wees.

Dr. Malan se pogings, soos geopenbaar, verdien seer seker die grootste waardering van die kant van die nasionaalgesinde mense in ons land. As 'n oortuigde lid van die O.B. juig ek sulke pogings tot verkryging van nouere samewerking binne eie gelede van die H.N.P. vir samewerking met ander nasionaalgesinde partye of groepe toe. My beswaar teen dr. Malan se leiding was nog altyd en hoofsaaklik gebrek aan, of afwesigheid van pogings tot samewerking. As dr. Malan nou, soos beweer is, 'n hegte eenheids-party van sy los aanmekeer geskakelde nasionale Party in 'n groter en meer omvattende Nasionale Party waarin al die tans bestaande nasionale groepe (bv. A.P. en O.B.) inbegryp word, dan sou ek hom alle bystand verleen as ek kon en mag.

ONS WEET

Ek glo nie dat die openbaarmaking van daardie verlange of pogings van dr. Malan hom en die nasionaalgesindes wat volksgeleed inderdaad nastrewe, enige skade by die nasionaalgesindes kon gedoen het nie. Intendeel. Ons weet tog immers, want dit is nie 'n geheim nie, dat dr. Malan en mnr. Havenga werklik probeer saamwerk en sover saamwerk as wat hulle kan of gegun word deur die minder tot samewerking-geneigde kollegas. Ons wat buite partyverband staan, sien in sulke pogings die verwesenliking van die strewe vir 'n meer algemene en gemeenskaplike volksbeweging — 'n volksfront wat sterk genoeg

sal wees om Suid-Afrika uit die kloue van sy liberalistiese en sy wapenbroer, kommunistiese vyande, te red.

WANHOOP BYNA

Ek herhaal weer: As dr. Malan werklik pogings soos vermeld is, njaar wat deur hom ontken word, aangewend het, gee dit my hoop en die moed dat ons kan saamwerk en iets tot stand kan bring groter en belangriker as tydelike en verbygaande partywinstellings op die telborde langs die stryd-arene. Die katagoriese en vlymende ontkenning egter het my hoop vir my volk se toekoms byna uitgewis, was dit nie dat ek versterking van my geloof in die toekoms van ons volk gaan soek het in die gestelde ideale en strewe van die Ossewabrandwag, wat nie die vyand van enige party wil wees wat deur middel van volkseenheid en kragtiger en doeltreffender volksorganisasie die gelukkige en welvarende voortbestaan van die volk van S.A. nastrewe nie.

Dit sou 'n tragedie wees indien sulke pogings, as wat in hierdie blad gepubliseer is, nie aangewend was nie — baie groter as wanneer dit wel aangewend was maar verwerp is. As laasgenoemde die geval is, dan meen ek is dit ons almal se plig om daardie pogings van dr. Malan en mnr. Havenga te sterk. As sulke pogings as vyandig teenoor die beleid van enigeen van die twee nasionaalgesinde partye deur enigeen van die twee leiers geag word, dan moet ons hom of hulle nie alleen beweën nie, maar verwerp. Dan kan hulle die volk nie langer met beloftes mislei nie.

„Die noodsaaklikste vereistes vir lidmaatskap van die Statebond is eendersheid van belange en 'n gemeenskaplike aanvaarding van vrye parlementêre instellings. Solank dit bly, kan die wesenlike eenheid van die Statebond nie verswak word nie, net soos dit nie versterk kan word deur formules en formaliteite nie.”

As hierby geles word dr. Malan se oordeel oor die Britse parlementêre stelsel in 1941, is dit duidelik wat die handhawing van hierdie instelling vir Indië beteken. Dr. Malan het gesê:

BEVORDER IMPERIALISME

„Wat ook al ten gunste van die parlementêre stelsel in ander dele van die wêreld gesê mag word, is dit uit die volks-oogpunt beskou, in Suid-Afrika in ieder geval 'n mislukking gewees. Dit het die magsmiddel geword IN DIE HANDE VAN DIE GEORGANISEERDE GELDMAG wat deur middel van sy eie pers die publieke opinie manipuleer vir sy eie voordeel en TEN BEHOEVE VAN BRITS-IMPERIALISTIESE BELANGE.”

Dit is daarom begrypnd dat die „nuwe status” van Indië 'n resep is wat in Londen voorberei is, soos deur die Daily Telegraph verlede April geopenbaar. Die blad het verwys na die spesiale gesante wat die Britse regering voor die konferensie na die dominiums gestuur het — sir Percy Leisching het dr. Malan kom spreek — wat „die grond vir ooreenstemming deeglik voorberei het”. Die blad het die besluit as 'n „sukses” besing en daarop gewys dat dit weinig verskil aan die bestaande toestand sal maak. „Die stelsel van imperiale voorkeur sal bly voortbestaan” en imperiale onderlinge raadpleging en samewerking sal gehandhaaf bly.

EMPIRE VERSTERK

Inderdaad het niemand minder nie as dr. Malan hierdie besluit, waaraan Indië verlede week uitvoering gegee het, in die Unie-parlement as volg beskryf:

„Wat hier gedoen is (die Londense besluit, waar dr. Malan Suid-Afrika verteenwoordig het), is nie gedoen tot verbreking van die Statebond nie. Wat gedoen is, is gedoen tot opbouing van die Statebond, tot behoud van die

SO SPEEL HULLE

„REGERINGSKOLWERS” EEN VIR EEN UITGEVANG

REGERING SE GROOT KANONNE SWYG NOG

OPPOSISIE-SPREKERS SE SWEEPSLAE

WAPENS VAN ALLE SOORTE IN DIE VOLKSRAAD

SMUTS SE VYFPUNTIGE AANVAL

Bostaande is 'n paar koerantopskrifte bo verslae van die verrigtinge binne die parlement, waar die volk se regering veronderstel is om besig te wees met beplanning, beraad en bevordering van die landsbelange.

Hoe lank gaan die volk toelaat dat daar krieke gespeel word met sy belange of dat sy landsbestuur die vorm aanneem van 'n wapenskou met partypolitieke skyngewege?

Koerantverslae oor die verrigtings van 'n ware volksregering, soos ons dit in die Boere-republieke gehad het, sou gelui het:

REGERING LOODS AANVAL OP AAN-KRUIPENDE WOESTYN

VOLKSRAAD BESPREEK OMVATTENDE PLAN VIR EKONOMIESE ONTWIKKELING

VOLKSRAAD SE VYFPUNTIGE AANSLAG OP TERING

In plaas hiervan word die volk tans vergas op 'n partypolitieke kriekelespel of 'n partypolitieke skyngeweg in woorde waarin die een die ander so sleg moontlik probeer sê.

WEERSTANDGROEPE TEEN ROOIES

Weerstandbewegings teen die Kommuniste agter die Ystergordyn is nog steeds bedrywig, volgens verklaring van genl. Bedell Smith, voormalige Amerikaanse ambassadeur in Moskou. Sulke weerstandgroepe word nog gevind in die Oosseestate en die Ukraine. Hy het dit as 'n „taamlik goed georganiseerde ondergrondse beweging” beskryf.

DIE MAN wat 'n motor met een hand bestuur, beland uiteindelik voor die preekstoel. Sommige loop daarheen; ander word daarheen gedra. — (Padveiligheidsnuusbrief).

JAARVERGADERING VAN SANLAM

Fondse Groei Aan Met Byna £2½ Miljoen Jaarlikse Inkomste Nou £4 Miljoen

Winste Vir Die Jaar Oortref £900,000

Verhoogde Bonus Van £2½-% Word Gehandhaaf

WINSDELENDE PREMIES WORD VERMINDER EN SPESIALE BONUS VERKLAAR

Die Algemene Jaarvergadering na afsluiting van die 31ste volle jaargang van die SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE MAATSKAPPY, BEPERK (SANLAM), is op Woensdag, 25 Januarie 1950, by die Hoofkantoor van die Maatskappy in Waalstraat 28, Kaapstad, gehou.

Die Voorsitter, dr. die Edelagbare W. A. Hofmeyr, het die vergadering soos volg toegesprek:—

Die afgelope jaar was vir ons om meer as een rede 'n jaar van besondere betekenis.

In die eerste plek moet ek met spyt aankondig dat beide dr. M. S. Louw en mnr. G. F. S. de Villiers op 31 Desember 1949 reeds met pensioen afgetree het, eersgenoemde as Besturende Direkteur en laasgenoemde as Sekretaris, en hulle dus finaal onttrek het aan die aktiewe bestuur van ons Maatskappy. Hierdie twee hoofamptenare, wat van die begin af in die Maatskappy se diens gestaan het, moes reeds vanaf die kinderjare van Sanlam se bestaan die verantwoordelikheid van leierskap op hulle skouers neem. Dit is onder hulle bekwame en veral hulle simpatieke leiding, wat nooit aan buigbaarheid ontbreek het nie, dat Sanlam sy groot vooruitgang gemaak en sy merkwaardige hoogtepunte bereik het. Dit is met leedwese dat ons van hulle afskeid neem as amptenare, maar gelukkig sal hulle nog Sanlam en sy verwante maatskappye in die toekoms van direkteure dien. Dr. Louw bly ook aan as Besturende Direkteur van Bonuskor. In hierdie verband herdisk ek met leedwese die afsterwe van mnr. J. P. Feenstra wat, na jare diens in noue samewerking met dr. Louw en mnr. de Villiers, aan die end van 1947 afgetree het. Hy is, soos u weet, in Januarie 1949 oorlede.

'n Verdere rede waarom 1949 vir ons 'n jaar van besondere betekenis is, lê daarin opgesluit dat etlike gewigtige besluite gedurende hierdie jaar geneem moes word.

Eers behandel ek kortliks die bedryfsresultate van die jaar.

NUWE BESIGHEID

Aansoek om nuwe versekerings is gedurende die jaar vir 'n versekerde bedrag van £25,015,000 ontvang. Hiervan is 25,925 aansoek aangeneem en polisse met 'n totale versekerde bedrag van £21,828,000 uitgereik. Die jaarlikse premies ten opsigte van hierdie uitgereikte polisse bedra £619,000 en die enkelpremies £150,000. Die vermeerdering in ons gewone nuwe besigheid het £1,600,000 bedra.

INKOMSTE

Die inkomste van die Maatskappy uit alle bronne het gedurende die jaar met £418,000 vermeerder en staan tans op meer as £4 miljoen. Die totale netto premie-inkomste het met £388,000 vermeerder tot £3,300,000 en rente, dividende en huur met £124,000 tot £466,000. Enkelpremies en konsiderasies vir lyfrentes het egter met £94,000 verminder tot £152,000.

UITBETALINGS

Ons ondervinding wat sterftes betref was hierdie jaar minder gunstig vergeleke by vorige jare. Doodseise het met £132,000 gestyg tot £415,000. Die sorgwekkende getal padongelukke tref Sanlam natuurlik ook.

Gedurende die jaar het ons 53 eise uitbetaal met 'n totale bedrag van £42,000 ten opsigte van persone van wie die meeste in die fleur van hulle lewens, as gevolg van padongelukke, die lewe ingeskiet het. Vervaltysseise het £195,000 en ongeskiktheidseise en rentevrye lenings £13,000 bedra. Aan afkopings en afgekoopte bonusse is £189,000 uitbetaal. Kontantbonusse het met £20,000 gestyg tot £82,000. Die totale uitbetalings (uitsluitende kontantbonusse) het £814,000 beloop. Die totale onkoste het met £59,000 gestyg tot £748,000. Hierdie styging is minder as wat verwag kon word as die aanmerklike styging van ons premie-inkomste in gedagte gehou word, en daar was 'n verdere daling met 17 persent tot 21.67 persent in onkoste, uitgedruk as 'n persentasie van die premie-inkomste.

FONDSE

Die netto resultaat van die jaar se bedrywighede was die aangroei van die fondse met nagenoeg £2½ miljoen. Nadat £162,000 na die Beleggings-reserwe oorgedra is, het die Lewensversekeringsfonds op £16,706,000 te staan gekom—'n vermeerdering van £2,323,000 op die vorige jaar se syfer.

BELEGGINGS EN RENTE-VOET

Die totale bate het met £2,429,000 gestyg tot £17,784,000. Die vernaamste vermeerderings het plaasgevind ten opsigte van verbande (wat met £886,000 gestyg het), lenings aan munipaliteite (wat met £464,000 gestyg het), skuldbriewe, staats-effekte en lenings op polisse (wat met £266,000, £105,000 en £236,000 onderskeidelik toegeneem het).

Daar moes gedurende die jaar beleggings gevind word vir 'n bedrag van £3,566,000. Hierdie bedrag is belê om 'n opbrengs van £4/12/- persent te lewer, teenoor £4/9/2 persent vir die vorige jaar se nuwe beleggings.

Vir enige jare reeds kon ek meld dat nuwe beleggings teen 'n stygende rente-opbrengs gemaak kon word. Hierdie feit word dan ook, soos ek verlede jaar voorspel het, weerspieël in die gemiddelde verdiende rentevoet vir die afgelope jaar, wat £4/4/11 persent was teenoor £4/0/3 persent vir die jaar 1948. Sover deur ons Beleggings-departement vasgestel kan word uit hulle statistiese ontledings, het die neiging tot styging in die gangbare rentevoet wat op nuwe beleggings verdien kan word, nog nie sy hoogtepunt bereik nie.

WINSTE VIR DIE JAAR OORTREF £900,000

Die normale bedryfswins vir die jaar het £873,000 bedra. As hierby gevoeg word die toegevalle kapitaalwinst van £62,000, beloop die totale winste vir die jaar £935,000. Daar was ook £57,000 ontgewys uit verlede

jaar se winste oorgebring na hierdie jaar. Altesame was daar dus £992,000 beskikbaar vir toewysing en verdeling onder ons polishouers. Hierop kom ek later weer terug.

GEBREK AAN KANTOOR- RUIMTE, EN BOU- PROGRAM

Ons het weer gedurende die afgelope jaar te kampe gehad met die stremmende invloed van 'n groot tekort aan kantoor-ruimte by die hoofkantoor van die Maatskappy, en ons wend derhalwe pogings aan om tydelike verligting te verkry. Ook het u Direksie gedurende die jaar voor die probleem te staan gekom van die oprigting van 'n nuwe hoofkantoor op 'n perseel wat genoegsame speling laat vir toekomstige uitbreiding. En dit bring my dan tot die eerste belangrike besluit van die jaar. Na grondige ondersoek en na sorgvuldige beraadslaging, wat vyf jaar geduur het, is 'n perseel 21 akker groot in Bellville vir hierdie doel aangekoop, en argitekture is reeds aangestel om die nuwe gebou te beplan, wat, na ons hoop, binne twee jaar betrek sal kan word.

Vir ons polishouers mag dit van belang wees om te verneem dat die nuwe perseel teen 'n prys van 1/3 per vierkant voet aangekoop is, teenoor 'n gemiddelde prys van minstens £10 per vierkant voet wat in die sentrale deel van Kaapstad betaal sou moes word.

In die besonder word aandag geskenk aan die beplanning van die nuwe gebou ten einde alle nodige geriewe aan die personeel te verskaf en om die mees ekonomiese en doeltreffendste uitvoering van die werksaamhede van die Maatskappy by sy hoofkantoor te verseker. Op versoek van die Raad het ons Hoofbestuurder, mnr. A. D. Wassenaar, onlangs die Verenigde State van Amerika en Kanada besoek, veral om die jongste ontwikkelings in hierdie rigting te ondersoek. Sy aanbevelings word aan ons argitekture oorgedra vir uitvoering.

In hierdie verband wil ek ook meld dat ons 'n groot bouprogram voorhande het wat ook ander stede insluit. In Johannesburg het ons 'n groot perseel op die hoek van Sauer- en Kommissarisstraat aangekoop en die planne vir ons nuwe gebou daar is byna voltooi. Ons gebou in Lovedaystraat is reeds verkoop hoewel ons ons bestaande kantore daar behou totdat die nuwe gebou voltooi is.

Die planne vir 'n gebou in Salisbury is ook voltooi. Ons verwag dat 'n boupermit binnekort toegestaan sal word.

In Bellville nader die gebou waarin ons distrikskantoor gehuisves sal word, voltooiing, so ook ons geboue in Oos-Londen en De Aar. 'n Aantal ander stede en dorpe—waaronder Port Elizabeth en Worcester van die vernaamste is—kom hierdie jaar in ons bouprogram in aanmerking.

'n Besondere faktor wat ek hier wil meld is die feit dat ons gewoonlik ou bestaande geboue moet sloop voordat ons met die oprigting van 'n nuwe gebou kan begin. Deur die bestaande Huurwet word huurders van sulke ou geboue in staat gestel om 'n bouprogram te vertraag deur eise te stel wat onredelik is en wat ons nie altyd kan nakom nie. So 'n uitwerking is seker nie deur ons wetgewers in die vooruitsig gestel

of bedoel nie, en die vraag ontstaan of hierdie aangeentheid nie ondersoek van owerheidsweë verdien nie—veral in 'n tyd waar 'n ernstige verslapping in die boubedryf ingetree het.

VERHOOGING VAN RENTE- KOERSE

Ek het reeds daarop gewys dat ons nuwe beleggings teen 'n steeds stygende opbrengs kan maak.

Die styging in die rentevoet op staats- en munisipale-effekte het as eerste onmiddellike gevolg 'n aanmerklike daling in die markprys van dié effekte gehad, waardeur 'n probleem vir ons en ander finansiële inrigtings geskep word. Ingevolge die Assuransiewet en die Wet op Banke en Bouvereniginge moet staatseffekte teen die markprys in rekening gebring word indien dit laer as die boekwaarde is. Daardeur word sulke inrigtings vereis om die effekte se boekwaardes tot markprys af te skrywe. Dit kan gedoen word deur die aanwending van spesiale reserwes soos beleggingsreserwes en gebeurlikheidsfondse. Indien sulke instellinge nie die nodige reserwes beskikbaar het nie, kan 'n styging in die rentevoet met 'n gevolglike daling in markpryse van effekte dus 'n netelige probleem skep.

Vir die lewensversekeringsmaatskappy is daar egter 'n uitweg. Omdat 'n styging in die rentekoers tot gevolg het dat die gemiddelde opbrengs op die fondse ook styg, kan die lewensversekeringsmaatskappy daartoe oorgaan om sy laste ook teen 'n hoër rentevoet te waardeer. Daardeur sal die reserwes wat teen die laste gehou moet word verminder word, en dit dien dan as 'n teëwrig vir die vermindering van die markwaarde van sy effekte. Daarin lê daar vir die lewensversekeringsbedryf en sy polishouers 'n natuurlike beskerming teen die nadelige gevolge van 'n skielike daling in die markprys van effekte, wat ander kredietinrigtings nie het nie.

Dit is vir my besonder verblydend om te kan meld dat dit vir ons onnodig was om ons laste op 'n hoër rentevoet te waardeer: intendeel is ons waardebasis intetwat versterk. Ons beleggingsreserwe is meer as voldoende om die daling van effektepryse wat reeds plaasgevind het, te dek en dit was selfs nie nodig om van ons Gebeurlikheidsfonds, wat £400,000 bedra, vir hierdie doel te gebruik nie.

Die ander kant van die saak is natuurlik dat 'n styging van die rentevoet ons winspotensiaal versterk. Ek het alle rede om te glo dat 1950 'n verdere styging in die gemiddelde rente-opbrengs van ons fondse sal meebring, wat dan op sy beurt die winste gunstig sal raak.

ONTLEDING EN AANWENDING VAN ONS WINSTE

Ek het reeds aangetoon dat ons £992,000 beskikbaar gehad het vir aanwending en dat £873,000 daarvan bestaan het uit normale bedryfswins wat in die afgelope bedryfsjaar ontstaan het. Die bedryfswins staan gelyk aan die koste van 'n samegestelde bonus van £2/8/10 persent.

Wat die verdeling van die surplus van £992,000 betref het u Direksie besluit om eerstens die kapitaalwinst van £62,000 waarna ek reeds verwys het, en daarby nog £100,000 uit die bedryfswins van die jaar (d.w.s. 'n totale bedrag van £162,000) aan te wend vir die versterking van die beleggingsreserwe. Verder is £10,000 oorgeplaas na die Personeel-pensioenfonds. 'n Ontoegewese balans van £65,000 is oorgedra na die volgende jaar, nadat voorsiening gemaak is vir

die koste van die verklaarde bonus.

BONUS OP £2½/- PERSENT GEHANDHAAF

'n Bedrag van £751,000 word opgeneem deur die verklaring van 'n bonus teen £2½/- persent, bereken op die versekerde bedra plus opgehoopte bonusse ten opsigte van alle winsdelende polisse wat op 30 September 1949 nog van krag was. Aan houders van winsdelende polisse met kontantbonusse is 'n kontantbonus gelykstaande aan die volle verdiskonteerde waarde (volgens die waarderingsbasis) van die bogenoemde reversionêre bonus toegeken. 'n Tussentydse bonus teen dieselfde koers is ook teen opsigte van die lopende jaar verklaar.

Soos u weet, het ons verlede jaar ons bonuskoers van £2 persent tot £2½/- persent verhoog. Waar die totale winste vir die jaar die koste van 'n bonus teen die verhoogde koers met meer as £180,000 oortref het, kon die verhoogde bonus dus maklik gehandhaaf word.

VERMINDERING VAN PREMIES

Ek kom nou tot die tweede belangrike besluit wat deur die Direksie geneem is.

Soos ek reeds by verskillende geleenthede aangetoon het, was ons normale winste oor die voorafgaande paar jaar gelyk aan die koste van 'n samegestelde bonus van naasteby £2/10/- persent. Die stygende rentekoers gee ons rede om selfs hoër winste in die onmiddellike toekoms te verwag. Die vraag waarvoor u Direksie dus te staan gekom het, is hoe om met hierdie winste te handel. Soos ek so pas verduidelik het, beskik die Maatskappy oor genoegsame reserwes as voorsiening vir gebeurlikhede. Ons het dus die stadium bereik waar die Maatskappy 'n groter deel van sy winste onder sy polishouers kan verdeel by wyse van 'n verhoogde bonus. 'n Ander uitweg is natuurlik om die koste van versekering vir ons winsdelende polishouers deur verlaging van die premietariewe te verminder, waardeur die winste vanself verminder word. U Direksie het dan ook besluit om laasgenoemde weg te volg. Ons premies vir winsdelende polisse is hersien en ten opsigte van die meeste tabelle is aansienlike vermindering aangebring. Die gewysigde premies wat op nuwe versekerings van toepassing is, is reeds op 1 Januarie 1950 in werking gestel.

SPESIALE BONUS

Hierdie besluit om die winsdelende premies te verminder, het onmiddellik die vraag laat ontstaan of daar 'n toegewing gedoen moet word aan bestaande polishouers wat op hulle winsdelende polisse die hoër premies wat in September 1939 in werk gestel is, betaal. U Direksie het besluit dat dit gedoen moet word en wel op 'n billike en eweredige basis. Aan winsdelende polishouers wat die hoër premies betaal, word benewens die gewone jaarlikse bonus nog 'n spesiale bonus toegeken as vergoeding vir die betaling van premies teen die hoër tarief. Hierdie spesiale bonus is betaalbaar saam met die versekerde bedrag onder die polis wanneer dit kragtens die polisvoorwaardes betaalbaar is.

Die spesiale bonus is in die vorm van addisionele dekking, en die bedrag daarvan is gelyk aan die versekerde bedrag wat op grondslag van die bestaande nie-winsdelende tariewe op die huidige ouderdom van die polishouer aangekoop kan word vir die verskil tussen die premie deur hom betaalbaar en die premie wat hy sou betaal het as die nuwe winsdelende tariewe van toepassing was op die uitreikdatum van sy polis.

Hierdie spesiale bonus sal die toekenning van toekomstige bonusse op geen wyse beïnvloed nie, en sal self geen verdere aandeel in die winste van die Maatskappy hê nie.

Graag wil ek u aandag daarop vestig dat die houders van winsdelende polisse wat tussen September 1939 en 31 Desember 1949 uitgereik is, benewens die spesiale nie-winsdelende bonus,

Jaarvergadering Van Sanlam

(Vervolg)

ook nog tesame met die nuwe polishouers 'n bonus van £2/2/- persent, jaarliks saamgestel, ontvang. Hierdie bonus is 2/- persent hoër as die vooroorlogse bonus—dus 2/- persent hoër as die hoogste bonus wat enige aansoeker tussen 1939 en die end van 1948 op grond van ons vorige resultate kon verwag het.

Hierdie aankondiging is vir my 'n waardige bekroning van 'n periode tussen die einde van die oorlog en die huidige tyd-stip, wat ons sal onthou as hoofsaaklik 'n tydperk van konsolidering.

DEVALUASIE

Ek voel dat ek kortliks iets moet sê oor die onlangse devaluasie van ons geldeenheid.

Devaluasie was 'n stap wat deur 'n krisistydperk aan ons opgedring is, en alleen onder daardie omstandighede was dit geregtig. Verskillende bedrywe, soos bv. die goudbedryf, sal grotendeels daardeur gebaat word; maar as devaluasie in verdere inflasie sou ontaard, met 'n gevolglike vermindering in die koopkrag van ons geldeenheid, sal die nadelige gevolge daarvan vir die sparende publiek verreweg die onmiddellike voordele oorskadu. Namens die polishouers wat hulle spaargelde aan Sanlam toevertrou het en alle ander spaarders voel ek my dus geroepe om te wys op die nadelige uitwerking van 'n moontlike verdere inflasie, en wil ek die hoop uitspreek dat die Regering in staat sal wees om deur doeltreffende maat-reëls verdere inflasie te verhoed en dat die volk alle pogings in die stryd teen inflasie sy volle steun sal gee.

In hierdie verband wil ek tog ons polishouers se aandag vestig op Bonuskor. Deur die stigting van Bonuskor is aan Sanlam-polishouers die geleentheid gegee om hulle kontantbonusse in aandeel van 'n maatskappy te belê waarvan die bate hoofsaaklik uit gewone aandeel in nywerheidsmaatskappye bestaan. 'n Vermindering in die koopkrag van geld bring 'n styging mee in die waarde van goedere, en dus 'n styging in die waarde van dié gewone aandeel wat goedere verteenwoordig. 'n Belegging in Bonuskor is dus 'n teenvoeter vir die nadelige uitwerking van inflasie.

NOORD-RHODESIË

Reeds vanaf 1932 dryf ons in Suid-Rhodesië besigheid. Egter eers vanaf 1945 het ons onself op uitbreiding aldaar toegelê. Ons tak in Suid-Rhodesië is nou goed gevestig, en ons het besluit om ook ons aktiwiteite na Noord-Rhodesië uit te brei. Voorlopig sal Noord-Rhodesië onder die beheer van ons takkantoor te Salisbury staan.

VERWANTE MAATSKAPPYE

Nou 'n paar woorde oor ons verwante maatskappye:

African Homes Trust:

Die African Homes Trust se gesamentlike versekeringsfondse het met ongeveer £200,000 gestyg en nader nou die £2 miljoen merk. Sy totale inkomste uit alle bronne beloop reeds meer as £600,000 per jaar en die winste vir die afgelope jaar was besonder bevredigend.

Saambou (Permanente) Bouvereniging:

Vir die jaar geëindig 31 Maart 1949 het Saambou weer die gebruikelike dividend van 4 persent op permanente en subskripsie-aandeel verklaar. Bo en behalwe die versterking van reserwes wat deur die Wet vereis word, kon algemene reserwes met 'n verdere bedrag van £5,000 versterk word en effekte benede markwaarde afgeskryf word.

Op 31 Maart 1949 het Saambou se fondse £1,150,000 bedra—byna tweekeer soveel as 'n jaar tevore—terwyl die fondse tans op meer as £11 miljoen staan. Saambou se ontwikkeling oortref ons stoutste verwagtings en sy toekoms is verseker.

Bonuskor:

Die resultate van die bedryfsjaar van Bonuskor, wat so pas afgesluit is, is nog nie beskikbaar nie, maar dit is reeds bekend dat Bonuskor weer vir die jaar geëindig 31 Desember 1949 'n dividend van 5 persent verklaar het. Dit is die derde agtereenvolgende jaar ten opsigte waarvan hierdie dividend gehandhaaf is.

As ons in ag neem dat die afgelope jaar gekenmerk was deur lae beurspryse en gebrek aan aktiwiteit op die geldmark, dan is dit meer as bevredigend dat hierdie verwante maatskappy van ons selfs onder hierdie ongunstige omstandighede tog nog sy dividend kon handhaaf en sy reserwes versterk.

Bonuskor se opbetaalde kapitaal het gedurende sy jongste bedryfsjaar gestyg van £505,000 tot £632,000. Daar is dus alle rede vir Sanlam en sy polishouers om volle vertroue in Bonuskor te hê.

OPSOMMING

Ek hoop dat ek daarin geslaag het om deur hierdie uiteensetting vir ons polishouers 'n juiste prent te skilder, nie alleen van die resultate van die afgelope jaar nie maar ook van die groot omvang van ons besigheid, die hoogstaande stabiliteit wat Sanlam na 31 jaar bereik het en die goeie winsvooruitsigte vir die toekoms. Die konserwatiewe beleid wat u Direksie in die verlede gevolg het, word geregtig deur die resultate wat behaal is, en polishouers sal nou ten volle die vrugte van daardie gesonde beleid kan pluk. Die eerste twee paaiemente het hulle reeds ontvang by wyse van 'n verhoogde bonus op winsdelende polisse en verminderde premies vir nie-winsdelende polisse. Verdere paaiemente het nou gevolg met die handhawing van die verhoogde bonus, die vermindering van premies op winsdelende polisse en die toekenning van 'n spesiale bonus aan sekere polishouers. Met die oog hierop rig ek dan 'n vriendelike versoek aan elk van ons tienduise polishouers om Sanlam by hulle vriende en kenisse aan te beveel.

PERSONEEL

Met die aftrede van mnr. G. F. S. de Villiers as Sekretaris is mnr. F. N. H. Bonthuys tot hierdie pos bevorder. Verder is bevorder tot Assistent-Aktuaris mnr. H. de G. Laurie en mnr. D. J. Malan wat albei gedurende die afgelope jaar as aktuarisse gekwalifiseer het. Ook is aangestel as Assistent-Sekretaris mnr. A. M. H. Ehmke en mnr. C. Baker. Eersgenoemde was voorheen takbestuurder te Johannesburg en later te Port Elizabeth.

Die samestelling van die Bestuur van die Maatskappy is dus nou soos volg:—

Hoofbestuurder: Mnr. A. D. Wassenaar.
Aktuaris: Dr. G. H. Hansmann.
Sekretaris: Mnr. F. N. H. Bonthuys.
Rekenmeester: Mnr. J. K. A. Ehmke.
Agentbestuurder: Mnr. W. J. Bezuidenhout.
Assistent-Aktuaris: Mnr. P. J. F. Scholtz.
Mnr. H. de G. Laurie.
Mnr. D. J. Malan.
Assistent-Sekretaris: Mnr. A. M. H. Ehmke.
Mnr. P. R. le Roux.
Mnr. C. Baker.

Hierdie geleentheid wil ek gebruik om die Raad se dank oor te dra aan ons Hoofbestuurder, ander hoofamptenare, en aan die Hoofkantoor-personeel, die takbestuurders en ander amptenare in takkantore en aan ons veldpersoneel vir die getroue diens wat hulle gedurende die afgelope jaar gelewer het. Ek wens hulle 'n jaar van sukses toe. Laastens wil ek my dank betuig aan die lede van die Direksie en ook aan die lede van plaaslike direksies vir hulle hulp en medewerking.

Vakbonde Staans Op Kruispad: Kry Met Nuwe Vraag Te Doen

In die wêreldkringe van arbeid het die eeu-oue stryd tussen die demokratiese sosialisme aan die een kant en die diktatoriale kommunisme aan die ander kant opnuut opgevlam. Organisatories word die stryd gevoer deur die Kommunistiese Internasionale Organisasie (Kominform) wat politiek van aard is en wat deur middel van sy satellietliggaam, die Wêreldfederasie van Vakbonde, beheer wil kry oor die vakbondorganisasies van die werkers van die verskillende volke van die wêreld; en deur die Sosialistiese Internasionale Organisasie (Komisko), ewe-eens politiek van aard, wat beheer het oor die Westerse Wêreldvakbond-Organisasie.

Hierdie internasionale stryd moet noodwendig sy neerslag vind in elke plaaslike vakbond-organisasie in die wêreld. Vakbondleiers sal moet kant kies—vir of teen die kommunisme. Ook in Suid-Afrika sal die keuse gedoen moet word en die eerste

kennisgewing van die stryd is reeds gegee deur die Vakbond van Stoomketelmakers, yster- en staalwerkers en skeepsbouers wat 'n beskrywingspunt gaan verdedig op die aanstaande kongres van die Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad

wat vra dat die Raad by die Westerse Wêreldvakbond Organisasie moet affilieer. Aangesien daar skerp verdelingslyne is tussen links en regs in die Vakraad mag die kwessie van internasionale affiliasie lei tot 'n kwaai en langdurige stryd.

BRANDPUNT VERSKUIF

Die brandpunt van die arbeiderstryd het verskuif. Die vraag is vandag nie meer: waarteen veg die werkers nie; die vraag is, intendeel, waarvoor veg die werkers. Laasgenoemde vraag rig 'n uitdaging aan die vakbondleiers van die wêreld. Hul bekwaamheid of andersins om die vraag positief te beantwoord gaan bes moontlik die rol wat vakbonde in die toekoms gaan speel, bepaal.

BRITSE STANDPUNT

Die toon wat die Sosialiste in hul stryd teen die Kommuniste aanslaan, is ondubbelsinnig aangedui in 'n verklaring wat verlede maand in Londen uitgereik is. Daarin word die werkers opgeroep „om die kommunistiese Kominform aan die kaak te stel vir die bedrog wat dit is—die vyfde kolonne van 'n imperialistiese diktatuur.” In alle lande waar die Kommuniste regeer, het die werkers hul vryheid verloor sonder om eers brood in ruil daarvoor te kry, lui die verklaring.

Die Sosialistiese Arbeidersleiers gaan 'n grootskaalse propaganda-oorlog teen die Kommuniste voer in die onmiddellike toekoms.

VYFDE KOLONNES VOORTAAN DEEL VAN ALLE LEËRS

Ondergrondse bewegings wat in die Tweede Wêreldoorlog tot so 'n hoë peil ontwikkel is, sal van groter belang word as wapens in toekomstige oorlogvoering, volgens lt.-kol. F. O. Miksche, wat in die oorlog aan die hoof van die geheime krygsverrigtinge in Frankryk gestaan het.

„Watter vorm toekomstige oorloë ook al mag aanneem, dit is onwaarskynlik dat geheime oorlogvoering weens oorwegings in verband met die beginsel daarvan afgeskaf sal word. Dit sal inderdaad voortbestaan en toeneem in belang. Geen generaal staf kan bekostig om dit te ignoreer nie,” verklaar hy in „Secret Force”, sy nuwe boek oor die tegniek van ondergrondse bewegings.

Hy voeg die volgende waarskuwing daarby: „In die totale oorlogvoering van die Twintigste Eeu, sal enigiets aangewend word en die mees moderne tegniek gekombineer word met die mees primitiewe metodes. Elke staat moet rekening hou met die moontlikhede van ondergrondse bewegings.”

Hy voeg hieraan toe: „Ondergrondse bewegings mag net so 'n deel word van moderne oorlogvoering as pantservedivisies en lugmagte.”

Kol. Miksche se boek „opgedra aan diegene wie se taak dit is om Europa van die aaklighe van Kommunisme te bevry”, bespreek heeltemal opehartig die vraagstuk van vyan-delikhede tussen Oos en Wes.

„Ons verkeer reeds in 'n staat van oorlogvoering met die Ooste vandag of ons dit nou wil erken of nie”, skryf hy. „Dit is moontlik om veldslae te lewer nie alleen met konvensionele leërs nie, maar ook met rewolusionêre magte. Feitlik sonder onderbreking het ons oorgegaan van 'n tydperk van nasionale oorloë tot een van ideologiese konflikte.”

Ou Boekrol Word Geopen

Die inhoud van die vierde boekrol wat 'n paar jaar gelede deur 'n skaapwagter in 'n grot naby die Rooisee ontdek is, sal in die volgende maande oopgemaak word. Hierdie rol is in besit van die Harvard Universiteit, Noord-Amerika, en na verwag word mag dit 'n onbekende beskrywing bevat van die voor-sondvloedse geskiedenis.

Die ander rolle, waarvan een in besit van die Joodse Universiteit in Israel is, het reeds groot opspraak verwek omdat dit geblyk het die oudste Bybeltekste te wees wat nog ontdek is. 'n Gedeelte van die boek Jesaja het veral nuwe lig gewerp op die betroubaarheid van latere vertalings en dit word nog vandag deur taalkundiges en teoloë bestudeer.

Geruime tyd gelede is in sekere kringe al gekla dat hierdie boekrolle wat as een van die belangrikste ontdekkings in die moderne tyd vir die Christendom beskou is, nie tot hul reg kom nie. Veral die Amerikaanse geleerdes het skromelik nage-laat om die inhoud van die rol in hul besit wêreldkundig te maak. Tans word berig dat die geleerdes van Harvard na bestudering van twee dae besluit het tot die oopmaak van die rol—'n proses wat ses maande sal duur, daar die rol oor die tweeduizend jaar oud is en die voor-koms het van 'n sigaar.

DIE TWIS WOU MAAR NIE VLOT

Die eerste rondte van die jaarlikse partypolitieke toernooi in Kaapstad is verlede week gevoer met genl. Smuts se „mosie van wantroue” in die regering. Volgens Die Burger se parlementêre beriggewer was die deelnemers selfs „byna voltallig” op die eerste dag, terwyl die toeskouende publiek by hul honderdtalle „elke sit- en staanplek” ingeneem het.

Volgens die Cape Times het genl. Smuts selfs twee prinse, kleinseuns van die voormalige Duitse keiser, as sy gaste saamgebring om te kyk hoe sy teenstanders disnis draf.

By gebrek aan 'n doeltreffende arena of televisie is die grootste deel van die publiek egter aangewese op hul koerante om die verloop van die stryd te volg—'n stryd wat sommige goedgegelowiges meen eintlik oor hul welvaart gaan. Maar die kommentaar waarop hierdie arglose publiek hom moet verlaat, is nogal ietwat uiteenlopend, soos blyk uit die volgende aanhalings uit Die Burger en Cape Times:

Die Burger: „Onder aanmoedigende toeuiging van sy ondersteuners het die Leier van die Opposisie, veldm. J. C. Smuts, toe gistermiddag sy wantroue-perd opgesaal. Blykbaar het hy die ding egter verlede jaar al flou gery, want gister wou dit nie mooi wegspring nie... Die galerye en die lede se sitplekke het egter nie tot die end van die dag vol gebly nie, soos gewoonlik by sulke geleenthede gebeur nie. Die opvallendste was dat veldm. Smuts

se sitplek self halfpad deur die middag leeg geword het... Die waarskynlikste rede daarvoor was dat hy met die oog op sy gesondheidstoestand rus nodig gehad het.

„In elk geval, toe die Veldmaarskalk klaar was, was mnr. Olivier se oordeel kort en kragtig: „Niks nuuts nie.”

Die Cape Times: „Die belangrikste kenmerk van genl. Smuts se bytende aanval op die regering vanmiddag was dr. Malan se stilswye. Die Eerste Minister het veel minder tussenwerpsels gemaak as wat hy gewoonlik doen wanneer sy voorganger op die aanval is, en hy het baie lede verbaas deur sy antwoord vir 'n dag uit te stel... So bly genl. Smuts se toespraak—'n model van opposisie-leierskap—die een merkwaardige gebeurtenis in 'n sitting wat in die hande gelaat was van 'n junior regeringsweep en agterbankers van die Arbeider- en Afrikanerpartye.”

DIE O.B., WOENSDAG, 1 FEBRUARIE 1950

Staatsdiens Verower

Die verslag van die kommissie wat ondersoek ingestel het na oorlogstydse griewe in die Spoorweë laat die lig val op net 'n brokkie van die oorlogsgeskiedenis in ons land, maar hierdie brokkie toon al genoegsaam watter jammerlike stukkie geskiedenis dit is. Genl. Smuts het in sy handlangersywer besluit om met 'n politieke party oorlog te voer in naam van Suid-Afrika. Die hele oorlogsaangeleentheid is as 'n partypolitieke onderneming gehanteer, en gevolglik is daar ook vanuit 'n partypolitieke oogpunt teen diegene gediskrimineer wat van die oorlogvoerende politieke party verskil het. Die kommissie noem dan ook die name van persone wat bevorder moes word in hoë posisies, maar wat op grond van politieke oorwegings nie daardie bevordering gekry het nie. Mense met veel minder diens agter die rug is in die hoë poste geplaas omdat hulle toevallig nie ander menings as die bewindvoerende party daarop nagehou het nie.

Dit was reeds lankal die neiging van die partypolitiek om 'n totalitêre karakter aan te neem. Die hele volksakker word voorwerp gemaak van partypolitieke stryd, maar hierdie proses is aansienlik verhaas deur die Verenigde Party, wat die partypolitiek in sy oorlogsywer summier oorgeënt het op die staatsdiens. Voorheen is daar ook gediskrimineer teen politieke teenstanders, maar dit het hoofsaaklik betrekking gehad op deelytse of tydelike aanstellings soos sprin-kaanbeampies, vee-inspekteurs, ens. Partye wou egter nooit toegee dat sulke diskriminasie op grond van politieke oorwegings geskied nie. Die een of ander voorwendsel het die motief bedek. Maar dit was die Smutsbewind wat openlik en skaamteloos opdrag gegee het dat lede van sekere organisasies van staatsaanstellings uitgesluit moet wees. Proklamasies het uitdruklik verbied dat O.B.-lede spoorweg- en staatsamptenare mag wees, en soos uit die verslag van die griewekommissie blyk, is 'n bedekte diskriminasie selfs gevoer teen persone wat ander koerante as Verenigde Party-blaaie gelees het. Sulke persone is op 'n lys van verdagtes aangeteken en by bevorderings is daar nagegaan of die betrokke persone se name op die lys verskyn.

WAT NOU?

Met die bewindsaanvaarding deur die toenmalige opposisieparty is deur middel van 'n ondersoek gepoog om die gedane onreg aan die kaak te stel. Hierdie ondersoek het vanselfsprekend heelwat verleentheid en spanning binne die diens veroorsaak—'n toestand wat sekerlik nie bevorderlik is vir vlotte verhoudings nie. As die regering die saak bloot by die ondersoek gaan laat, het die ondersoek seker meer kwaad gedoen as goed. Onreg wat gepleeg is, eis dat dit ongedaan gemaak moet word. As daar teen persone gediskrimineer is, moet hulle in hul reg herstel word, anders steek daar weinig sin in die ondersoek.

Aan die ander kant geld dit amptenare wat bevorder is deur partypolitici wat in hulle goeie ondersteuners meen te gesien het. In sover sulke amptenare self bygedra het tot die diskriminasie, eis die reg dat hulle op hul plek gesit word, maar daar mag ook amptenare wees wat 'n passiewe rol in hierdie proses van ketterjagtery gespeel het, en wat vandag poste beklee bloot omdat dit hul mede-amptenare misgun is. Sulke persone het sonder hul eie toedoen slagoffers geword van die partypolitiek ten spyte van hul begunstiging. Dit spreek vanself dat hulle by enige moontlike herreëling wat hulle nadelig mag tref, 'n grief teen die huidige bewind sal dra, en dit sal dan ook die welaangename taak van die betaalde opposisie wees om vir sy peetkinders in die bresse te tree. Soiets word dan ook deur die regering verwag soos blyk uit Die Burger se vroegetydige waarskuwing aan die Verenigde Party om nie die genesing deur verdere politiekery te bemoeilik nie.

DEEL VAN PARTYPOLITIEK

Maar dit moet vir elkeen duidelik wees dat politieke partye in die toekoms elk 'n beskermende hand sal hou oor 'n deel van die staatsdienspersoneel. Met ander woorde ons gaan nou die invoering van die buitstelsel tegemoet waar elke party na sy bewindsaanvaarding 'n suiwering van die staatsdiens sal deurvoer, en vet poste uitdeel aan sy gunstelingen. Diskriminasie binne die staatsdiens het, danksy die Smutsbewind se oorlogsywer, gekom om te woon.

Net soos die Indiërs vir 'n paar jaar die stemreg sal kan geniet totdat die opposisieparty weer bo kom, of die skoolkinders vir 'n paar jaar die ongemak moet verduur om in 'n vreemde taal onderrig te word totdat die opposisie weer bo kom, so sal ook die wel en wee van staatsamptenare eerlang onderhewig wees aan die gereelde eb en vloed van die partypolitiek.

Die partypolitiek het 'n verdere veld vir sy verwoestende werking verower. Maar die volk sal blykbaar moet wag totdat sy beker eers vol is voordat sy oë sal oopgaan vir die euwels van hierdie ingevoerde stelsel. Dat die wagtyd nie baie lank sal wees nie, skyn redelik seker te wees as ons let op die versnelde tempo van die partypolitieke stryd.

Kommissie Openbaar Skandalige Vervolging Van Afrikaners

Die eerste verslag van die kommissie wat ondersoek instel na oorlogstydse griewe in die Spoorweë gee iets van 'n indruk omtrent die rol wat genl. Smuts se „Waarheidsridders” en Gestapo tydens die oorlogsjare gespeel het. Dit blyk dat waar hierdie „ridders” nie bereid was om getuie- nis teen 'n persoon af te lê nie, die persoon soveel meer geredelik vir internering aanbeveel is. Daar kan aangeneem word dat hierdie wandaad wat aan die lig gekom het sover dit die Spoorweë betref, ook in meeste gevalle gepleeg is waar Afrikaners sonder verhoor of beskuldiging in die interneringskamp beland het.

Die kommissie se verslag bevat benewens 'n lys van name van voor- aanstaande amptenare teen wie daar gediskrimineer is op grond van hul politieke oortuiging of standpunt ten opsigte van die oorlog, ook 'n reeks voorbeelde wat geneem is uit geheime leggers van die Spoorweghoofkwartier en die Spoorwegpolisie. By die uitbreek van die oorlog is daar in die Departement 'n „Internal Security Committee” gestig wat bekend was as die „Gestapo”, en 'n „Emergency Section”. Hierdie „Section” het geheime leggers aangehou van verdagte persone. Dieselfde is gedoen deur die hoof van die Spoorwegpolisie.

Die kommissie verlaar dat dit skyn of baie spoorwegmanne gebruik is om op ander te spioneer. Personelede wat lid van die Waarheidsligtoen was, was oorywerig om hul lidmaatskap te regverdig deur ongegronde klagte in te dien. Baie van die klagtes was gegrond op persoonlike vyandskap, wraak, naywer, politieke verskille en familietwiste. Die name van die klaers is nie meegedeel nie. Die verslag noem 'n geval waar 'n laaimeester op Port Elizabeth daarvan aangekla is dat hy lid van die O.B. is, anti-regering en hom teen die oorlogsbeleid uitgelaat het.

Die Adjunk-kommissaris van Polisie het inderdaad aanbeveel dat hierdie man geïnterneer moet word omdat die verklikker nie bereid was om getuie- nis af te lê nie. Ook in die geval van twee ander laaimeesters wat verklik is, het die Adjunk-kommissaris aanbeveel dat hulle geïnterneer moet word omdat die klaers weier om getuie- nis af te lê.

VERKEERDE KOERANTE

Die blote lees van opposisiekoerante was blykbaar voldoende grond van hierdie „ridders” om mense te gaan verkla. So meld die verslag van etlike gevalle waar amptenare verklik is omdat hulle Die Transvaler gelees het. Die gebruik van Afrikaans het ook dikwels aanleiding gegee dat 'n persoon se naam vir die swartlys aange- meld is, en lidmaatskap van Afrikaanse organisasies het grond tot verdenking gegee. Die inluister na Zeesen is as belangrike getuie- nis beskou.

AFGELUISTER

Die Departement van Poswese het 'n hoofsensor gehad en briewe en telefoongesprekke is onderskep, en waar dit betrekking gehad het op Spoorwegamptenare is die Spoorwegowerheid in kennis gestel. Foute is in die proses gemaak. Die naam Brain is byvoorbeeld met Bruyn ver- war.

Volgens die afgetrede hoofbestuurder, mnr. C. M. Hoffe, was 'n amptenaar 'n verdagte persoon sodra bewerings teen hom gedoen is, en hy het verdrag gebly. Die verpligting het op hom gerus om te toon dat die bewerings onwaar is.

VOOR BEVORDERING

Volgens die sekretaris van die Internal Security Committee is bevorderingslyste na hom gestuur om na te gaan of persone wat vir bevordering in aanmerking kom, se name op die lys van verdagtes voorkom.

Aan-die Witwatersrand is 'n

speurder gebruik om dislojaliteit te ondersoek. Hy het later erken dat hy meeneed gepleeg het. Volgens kol. Stanford was hy 'n skurk. Die speurder is later ontslaan, maar die hoof van die polisie het nie die sake wat deur hom ondersoek is in hersiening geneem nie.

'n Konstabel met 'n Duitse van en wat Duits kon praat is na Suidwes gestuur om dergelike werk te doen. Hy het £10 per maand kroeggeld ontvang om op drinkplekke dinge te probeer verneem. Hy het regstreeks aan die hoof van polisie gerapporteer en was verantwoordelik vir die internering van 'n bekende Duitser. Voordat hy uit die diens ontslaan is, was hy vier maal veroordeel.

GEEN SABOTASIE

Daar was 114 internerings van Spoorwegamptenare. Mnr. Hoffe wou gehad het dat geïnterneerdes ontslaan en nie betaal moet word nie, maar die Minister het gekeer.

Die kommissie het geen gevalle van sabotasie van die kant van die spoorwegpersoneel gevind nie, maar wel 'n betreu- renswaardige dors na wraak. Die gebruik van uitdrukkinge soos „Dutch Bastard” en „Speak White!” (d.w.s. nie Afrikaans nie) het wrywing veroorsaak en daar was gedurig rusie. Meningsverskille is as Nazisme beskou en troue amptenare is verdink.

Dit blyk ook dat amptenare op versoek van die Minister van Justisie verplaas kon word. Een geval word genoem waar dr. C. S., Minister van Justisie, gekla het oor 'n voorman op 'n sekere stasie en versoek het dat hy verplaas moet word. Die voorman is verplaas.

Selfs die dra van 'n Hitler- snor het aanleiding tot verklik- kery gegee.

HOOFAMPTENARE

Van die sestien hoofamptenare wie se sake deur die kommissie ondersoek is, is daar bevind dat sommige van hul klagtes wel gegrond was. In die geval van mnr. W. Heckroodt byvoorbeeld is bevind dat daar onregmatig teen hom gediskrimineer is en dat dit aan politieke oorwegings toegeskryf is. Die diskrimina- sie het bestaan ten opsigte van die gradering van die hoof- verkeersbestuurder se pos op £2,000 ples van £2,500 in 1941, die aanstelling van mnr. G. Chit- tenden as Adjunk-hoofbestuurder in 1942 en die aanstelling van mnr. W. M. Clark as hoofbestuurder in 1945. Totsover die verslag.

GAAN REGERING OPTREE?

Die kommissie van ondersoek

het vanselfsprekend heelwat spanning in die personeel van die Spoorweë veroorsaak. Ondergeskiktes het teen hul huidige meederes gekla — klagtes wat deur die kommissie in baie gevalle as gegrond bevind is. Die vraag is wat die owerheid nou gaan doen om die onreg te herstel. In die verband skryf Die Burger:

„Daardie siekte (in die Spoorweë) is deur die Griewe- kommissie gedignoseer. Wat nou moet volg, is 'n tydperk van ferme, maar taktvolle be- handeling en geleidelike gene- sing.”

50,000 Franse Al Gevonniss: Het Saamgewerk Met Duitsers

Volgens 'n verslag wat onlangs aan die Franse parlement voorgelê is, het die Franse howe sedert die verdrywing van die Duitse magte 7,100 doodvon- nise uitgespreek oor Franse burgers wat daarvan aangekla was dat hulle met Duitsers saamgewerk het. 3,000 mense is tot lewenslange hardepad ge- vonnis, 39,000 tot tronkstraf met hardepad, militêre opsluiting of gewone gevangenisstraf. Dit is nog nie die einde van die pro- ses nie, en sluit ook nie die di- sende mindere oortreders in wat veroordeel is tot „nasionale waardeloosheid” of „degradasie” nie.

Intussen is 'n wetsontwerp in- gedien wat die laaggenoemde kategorie van verdere vervol- ging wil vrystel en amnestie wil verleen aan die duisende twee- derangse saamwerkers.

Nadelige Handelsbalans Van £160 Milj.

Die Unie het verlede jaar waarskynlik 'n nadelige han- delsbalans van meer as £160,000,000 gehad, blykens 'n opgaaf wat in die volksraad deur die Minister van Ekono- miese Sake verstrek is.

Die jongste gegewens wat beskikbaar is, is dat daar in die eerste elf maande van 1949 'n sigbare invoer van £266,500,000 was en 'n sigbare uitvoer van £134,250,000. Die onsigbare kre- diete oor die eerste helfte van die jaar is op £17,000,000 geskat en die onsigbare debiete op £44,000,000. Gedurende die hele jaar 1948 was daar 'n sigbare invoer van £324,400,000, 'n sig- bare uitvoer van £136,000,000, 'n geskatte onsigbare krediet van £33,000,000 en 'n geskatte onsig- bare debiet van £79,000,000.

WÊRELD VERNEEM NIKS VAN VREDESTYDSE KATYN

Een van die groot raaisels op internasionale gebied is waarom daar in die afgelope dertig jaar of meer van die Kommunistiese bewind in Rusland se weinig publisiteit in die pers verleen is aan Sowjet-gruweldade. Dit is maar eers die afgelope maande dat daar brokkies in die pers verskyn van Russiese wredehede, maar selfs dit kan nie vergelyk word met die stroom gruwelberigte waarmee daar selfs na die vernietiging van Duitsland teen hierdie land volgehou is nie. Wat Rusland daarenteen betref, is die meeste feite omtrent sy gruwele in boeke—meestal van ontvlugte Russe—en nie in die dagbladpers geopenbaar. Die feit dat Rusland nagenoeg 20 miljoen slawe uit die geledere van sy eie volk in kampe aanhou wat geen ander vooruitsig as 'n vroeë dood het nie, word met 'n onverklaarbare gelatenheid aanvaar—dit geniet veel minder publisiteit in die wêreldpers as Suid-Afrika se kleurbeleid.

Die massa-slagtings van mense deur die Sowjet-polisie beoer die openbare gemoedere minder as die veronderstelde mishandeling van sirkusdiere. Dit is blykbaar daarom dat die onderstaande verhaal, wat onlangs aan die lig gekom het, nie in die dagbladpers verneem is nie.

In 1938 het die Russe 'n beleid van uitdelging begin voer teen die landelike bevolking wat die kollektiwisering van die landbou teengestaan het. In die dorp Vinnitsa, aan die Bug, is

Aanklag Teen 5 Lande i.s. Diskriminasie

Die Wêreldfederasie van vakbonde het die V.V.O. se ekonomiese en maatskaplike planne raad versoek om beskuldigings dat Suid-Afrika, Brittanje, Frankryk, die V.S.A. en Nu-Seeland rassiediskriminasie in hul eie en hul koloniale gebiede beoefen, te oorweeg.

As die raad hierdie maand byeenkom, sal dit versoek word om verreikende stappe teen diskriminasie te doen. Dit sal beweer dat daar rassiediskriminasie beoefen word ook wanneer daar grootskaalse werkloosheid is, en sal beweer dat diskriminasie met betrekking tot die lone tussen die blanke en nie-blanke bevolking beoefen word.

Die federasie sal ook beweer dat daar gediskrimineer word wat die bestaanspeil, behuising en maatskaplike wetgewing betref en sal beweer dat dwangmaatreëls in die werwing van arbeid toegepas word.

Die federasie, wat verlede jaar besluit het om 'n veldtog teen die beweerde slawe-arbeid in baie lande op tou te sit, sal beweer dat daar rassiediskriminasie met betrekking tot vakbondregte in die Belgiese, Britse en Franse kolonies beoefen word.

Regte Antwoord Onder Verkeerde Brief

'n Vooraanstaande leser van die Kommunistiese blad Guardian wat die blad se stryd vir die „minder bevoorregtes” waardeer, vind fout met die blad se grenslose verheerliking van Sowjet-Rusland wat sedert die oorlog „meer imperialisties as enige ander moondheid geword het”. In 'n voetnoot verklaar die blad dat die beskuldiging dat hy elke Russiese misdadig goedpraat spruit uit misleiding van die brieffskrywer deur die anti-kommunistiese pers.

In 'n voetnoot aan 'n ander brieffskrywer wat weer fout vind omdat Tito deur die Kommunistiese wêreld verban is weens 'n geskil met die kominform,

'n boekhouer met die naam van Melnik deur die geheime polisie gevang omdat hy met die boerebevolking medelye gehad en dit laat blyk het. Hy is saam met 'n aantal van die boere na 'n plek geneem waar hulle om middernag aangesê is om 'n massagraf in 'n peregord te graawe. Daarna het die N.K.V.D. hulle een vir een 'n agterkopskoot gegee en in die graf gelyk. Melnik het egter sy kop beweeg gelyktydig met die afgaan van die skoot, sodat dit sy kop slegs rakelings getref het. Hy het hom dood voorgedoen en in die graf tussen die ander lyke geval. Later, voordat die grafte met grond gevul is, het hy uitgekruip en vir vyf jaar lank rondgevlug.

DUITSERS OPEN GRAF

Intussen het die tweede wêreldoorlog uitgebreek, en toe Duitsland later Rusland binneval het Melnik hom by die Duitse magte gevoeg en hulle later gelei na die plek van sy teregstelling. Die hele peregord is omgedolwe en selfs Melnik was nie voorbereid op wat daar gevind is nie. Dit was een massagraf waarin nagenoeg 10,000 slagoffers, almal met agterkopskote, gelê het. Die bloedverwante in die omliggende gebied is uitgenooi om die lyke uit te ken aan die oorblyfsels van klere en artikels, waarna die beendere in twaalf gemeenskaplike grafte weggeleë is. Die bloedverwante was onbewus van die dood van die slagoffers. Aan hulle is gesê dat hulle na Siberië gestuur was.

VERSWYG

Die Internasionale Rooikruis het die grafte ook besigtig en 'n verslag opgestel, terwyl die Duitsers foto's en rolprentopnames geneem het. Die wêreld het egter nooit iets hiervan verneem nie. Die Geallieerdes wou op daardie tydstip van geen gruweldade omtrent hul

Weste Trek Gordyn Oor Gruweldade Van Sowjet

bondgenoot hoor nie, en die Duitsers het dit na die terugslae aan die Russiese front nie meer gerade geag om die nuus vry te stel nie uit vrees dat dit die moraal aan die tuisfront nadelig sou beïnvloed.

Gruwelverhale soos hierdie skok egter nie meer die westerse gevoel wat eens op 'n tyd op hol kon raak oor die onthullings van een of ander Bloubaard nie. Selfs die massaslagting van 15,000 Poolse offisiere — tot wie se hulp die Geallieerdes eintlik met hul oorlog wou gaan — het so min indruk gemaak dat dit aan 'n oud-Poolse premier oorgelaat was om die verhaal aan die wêreld te vertel — en wel in 'n boek wat nie juis wye publisiteit geniet nie.

KUNSBLOED IN S.A. VERVAARDIG

Die oprigting van 'n fabriek naby Johannesburg vir die vervaardiging van kunsbloed is, na berig word, een van die nuutste ondernemings in ons land. Die voordeel van kunsbloedplasma is dat dit nie net goedkoper as mensbloed is nie, maar dit kan ook langer bewaar word en wel sonder 'n yskas. Produksie sal binne 'n paar maande begin op 'n skaal van 250,000 pinte per jaar, wat later vermeerder sal word na 1,000,000 pinte per jaar.

Het Londen Nog Nie Oor Protektorate Genader

Die Eerste Minister het in die volksraad ten antwoord op 'n vraag gesê dat die regering geen vertoë tot die Britse regering gerig het oor die inlywing van die Britse Protektorate nie.

Hy het verder gesê dat die toekomstige beskikking oor die Protektorate in beginsel in die grondwet bepaal word, en ook die weg wat gevolg moet word met die oog op die oordrag van die regering daarvan aan die Unie. Op hierdie grondslag is van tyd tot tyd deur vorige regerings vertoë tot die Britse regering gerig sonder enige voorafgaande raadpleging van die parlement en hoewel die parlement te bestemde tyd behoortlik ingelig sal word omtrent stappe wat gedoen word, skyn daar verder geen rede te bestaan waarom afgewyk moet word van die presedent wat vroeër geskep is nie.

Dr. Malan se antwoord onderstreep sy diplomatieke flater om hierdie saak op sy partykongres uit te blaker in plaas van in stilte met die Britse regering te onderhandel.

Uitsluiting Van Spanje 'n Flater — Oë Gaan Oop

Die teenstrydigheid dat Kommunistiese Sjina, waar die rooi bewind deur middel van wapengeweld aan bewind gekom het onder die seënende hand van Josef Stalin, deur die Britse regering amptelik erken is sodat volledige diplomatieke betrekkinge aangeknoop kon word, terwyl die anti-kommunistiese Spanje nog steeds as 'n uitgeworpene van die volke beskou word omdat genl. Franco se bewind deur middel van wapengeweld gevestig is, begin tans 'n roering dwarsdeur die wêreld veroorsaak. Denkende mense kan nie verstaan waarom Stalin—wat die groot bedreiger van die wêreld vandag is—se poppe erken moet word terwyl Franco, wat deel is van die Weste en in geen verband met 'n buitelandse vyandige moondheid staan nie, nog uitgesluit moet bly nie—ook sover dit Suid-Afrika betref.

Die Amerikaanse Minister van buitelandse sake, Dean Acheson, het voorverlede week aangekondig dat Amerika bereid is om te stem vir 'n voorstel dat ledestate van die V.V.O. vrygelaat moet word om diplomatieke betrekkinge met Spanje opnuut aan te knoop en dat dit as 'n aanduiding beskou moet word van Amerika se begeerte om „in die belang van ordelike internasionale omgang terug te keer tot die normale praktyk van diplomatieke verteenwoordigers.”

VOLK AGTER HOM

Hy het beklemtoon dat daar in die eerste plaas geen alternatief vir die huidige Spaanse regering is nie, en in die tweede plaas is die binnelandse posisie van die regering sterk en geniet die steun van baie wat miskien 'n ander regeringsvorm sou begeer, maar vrees dat chaos en burgerstryd sal volg op 'n poging om die bewind omver te gooi. „Derdens is Spanje deel van Europa en kan nie blywend geïsoleer word van normale betrekkinge nie.”

Acheson het ten slotte erken dat die optrede van die V.V.O. om betrekkinge met Spanje in 1946 te beëindig, in sy doel misluk het. „In werklikheid is die posisie van die Franco-bewind versterk,” het hy gesê.

BRIT SE VEROORDELING

Ook in Engeland gaan daar stemme op teen die internasionale ongerymdheid. Halliday Sutherland, die bekende skrywer en geneeskundige, het Britse ministers, politici en andere beskuldig van schisofrenie (dubbele persoonlikheid) omdat hulle die aanstelling van 'n ambassadeur in Spanje teenstaan. „Sommige meen dit is verkeerd om 'n ambassadeur in

Madrid te hê, maar reg om een in Moskou aan te hou waar die ambassadeur nie sonder toestemming meer as 30 myl van die hoofstad mag reis nie. In Spanje kan enige vreemdeling met opregte bedoelings reis net waar hy wil.

„Daar word vergeet dat Franco die weg van die Duitse leër na Gibraltar versper het. Die hele Statebond behoort God te dank vir wat genl. Franco in belang van Engeland gedoen het.

CHRISTENDOM

„Sonder Spanje kan geen Westerse of Atlantiese verdrag gesluit word nie. Dit is tyd dat die geledere van die Christendom teen die bedreiging van Moskou gesluit word.”

In Washington het sen. Tom Connally, voorsitter van Senaat se komitee in sake buitelandse betrekkinge, gesê dat hy van mening is dat daar genoeg stemme in die V.V.O. gemonster kan word om die Algemene Vergadering se besluit van 1946 in verband met diplomatieke betrekkinge met Spanje te herroep.


Hoogste Gebou Nog 199 Voet Hoër

Die Empire State-gebou, die hoogste gebou ter wêreld, sal vanjaar nog 199 voet hoër gebou word.

Empire State, Inc., het toegestem dat 'n nuwe toring bo-op die gebou gebou word om die gelyktydige funksionering van talryke televisie-netwerke moontlik te maak.

Die aanbou van hierdie toring sal die eerste groot verandering wees aan die gebou sedert dit in 1931 ingewy is.

SM 4029



Rook
SPRINGBOK
Medium

DIE GELUKKIGE KEUSE

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertisensies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

IN MEMORIAM

CONRADIE. — Elizabeth Conradie, gebore Van der Merwe, eggenote van Komdt. J. W. Conradie, op Kersdag in die ouderdom van 50 jaar na 'n ernstige operasie oorlede.

Die dood slaan wonde wat niemand kan heel,
Herinnering is skatte wat niemand kan steel.
Haar verlangende eggenoot en kinders. 1/2/1.

GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van Premiers, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6-4TK

UIESAAD: Goewermments-Gesertifiseerde Saad 1949/50-oes. Vroë Kaapse Plat, Australiese Bruin, Silwer King, Kaapse Strookleur, en Copper King Uiesaad teen 9/- per lb. Greenfeast Saaderte £6 10s. per 200 lb. sak. Chantenay Wortel, Detroit en Egiptiese Plat Beet 6&6 per lb. Skryf aan ons vir 'n volledige pryslys van groentesaad en plaassade. Kango Saadkekers, Posbus 107, Oudtshoorn. 1/2/TK.

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis. Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

Siektes en kwale verban! Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou**, Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

GRYSHARE

GRYSHARE, skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHARWONDER** die jongste kunstmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleuretoevry, 5/- per bottel, geld met bestelling. — Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

MARK AGENTE

Kamerade! Aandag! Stuur al u produkte aan U. S. Beltingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A.” Foon 1063. As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswillig. 21/9/TK

Gebruik

EPOL

GEBALANSEERDE

RANTSOENE

vir

Maksimum-Produksie

en

Groter Besparing**EPOL**

S.A.P.V.

Pluimvee Mengsels en Pille**EPOL****Suiwel- Kalf- en Varkmeel****Epil**

Gebalanseerde Rantsoene



VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS LTD. MAITLAND K.P.

TAKKANTOOR WELLINGTON FOON 414

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse Babawaentles, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS**, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435

SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevreedenheid gewaarborg. Adres: Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg: —
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No. 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevreedenheid en dadelike aflewering, probeer: —
M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.

TEE

Spesiaal gekweek, suiwer, eerste-graad Cederberg-Rooibossee. Beroemd vir sy besondere geur en voordeligheid. 10 pond-pakkies vir 28/6 (Posvry binne Unie). K.M.B. Ook aan Handelaars teen Groothandelsprys. Verpakker: „Teekoning”, Citrusdal, K.P. 7/12/3.

TE KOOP

Dr. Johanna Brandt se boek „Die Ya en Druivekuur” vir kanker en ander siektes is te kry in Afrikaans en Engels teen 5/- elk — Mej. Roux, Hoofstraat 42, Paarl. 25/1/2.

PLAAS TE KOOP

RIVIERPLAAS IN DIE KARROO. sementdam daarin met omstreeks 20 Morge diep spoelgrond besproeibaar, twee boorgate, een met olie-enjin, kragkop en windpomp en ronde sementdam van 50,000 gellings, een goed vir windpomp, het sinkdam van 60,000 gellings, jakkalsproef omhein en in twee kampe verdeel, goedgeboude woonhuis van vier vertrekke, spens en kombuis, omtrent 1½ morg gevestigde lusern, onder boorgat, 405 morg, prys £3,500, verband kan gereël word, 9 myl van naaste dorp, naby bushalte. — Skryf vir verdere besonderhede en reëlings vir besigtiging aan Elenaar, Bus 90, Graaff-Reinet. 25/1/2B.

WATTELPAL EN SPARRE. — Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk. Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk. Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte £3 10/- per 1000 met bas. Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet lengtes £2 15/- per 1000, met bas. Gelewer Charlestownstasie. Bestel van: L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown. Kontant met bestelling. 31/8/TK

**GOEDKOOP VEILIGHEID!**

Vir so weinig as 'n paar sjielings per £100 kan u u HUIS en MEUBELS beskerm teen Brandskade en -verlies deur 'n **SANTAM-Brandpolis!**

• SANTAM •

SUID- AFRIKAANSE NATIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

rakke en Agentskappe Oral

Britte Maak Voorsiening Vir Halfleë Raadsaal

Die Amerikaanse tydskrif Time berig dat die nuwe Britse laerhuis wat die eeu-oue gebou wat deur die Duitse bomme vernietig is, moet vervang, fluks onder weg is. Daar is 'n geringe verbetering sover dit die aantal sitplekke vir lede betref. Die nuwe gebou sal plek hê vir 171 meer verteenwoordigers van die volk, maar nog ver nie genoeg plek vir almal nie. Daar word voorsiening gemaak vir slegs 437 sitplekke vir Brittanje se 625 parlamentslede.

Dit is nie net blote konserwatisme wat meegebring het dat Brittanje se demokratiese verteenwoordiging met byna een-derde tekort gedoen word nie. Churchill self het as rede daarvoor aangevoer dat 'n raadsaal wat groot genoeg is om sitplek aan alle lede te bied 'n te neerslagtige uitwerking sal hê as die debatte meestal in die atmosfeer van 'n halfleë teater gevoer moet word.

Een-Derde Sterf Aan Hartkwaal

Volgens 'n opgawe van die kantoor van lewenstatistiek in Amerika was daar 'n daling in die algemene sterftesyfer van die land, maar sterfgevälle as gevolg van hartaandoening en kanker het toegeneem. Eenderde van alle sterfgevälle is veroorsaak deur hartkwaal.

Min. Schoeman Oor „Hotnots”

Die Minister van Arbeid, mnr. Ben Schoeman, het verlede week in die parlement ontken dat hy die terme „kaffers” en „koelies” gebruik het in 'n toespraak verlede jaar. Hy het wel gepraat van „Hotnots,” maar hy beskou dit nie as aanstootlik nie omdat die Afrikaanssprekende volk hierdie term al vir geslagte gebruik.

In die eerste plaas is dit jammer dat min. Schoeman soveel maande gewag het om 'n koerantberig gedeeltelik te ontken en daarmee die amptelike opposisie en Kommuniste soveel tyd gelaat het om met sy uitlating te smous. In die tweede plaas is dit jammer dat hy blykbaar nog nie besef dat hy aanstoot aan nie-blankes gee deur die gebruik van 'n term waarvan hulle nie hou nie. Die term Hotnot vir Kleurlinge — veral nadat die pers 'n tyd gelede aangekondig het dat die woord, as bewys van erkenning,

tans met 'n hoofletter gespeld moet word — word deur die kleurling-gemeenskap beslis as aanstootlik beskou, en as mens gesteld is op goeie betrekkinge, is die vraag nie hoe die aanspreker oor 'n woord voel nie, maar wel die aangespreekte.

As die Kleurlinge dit griewend vind om as „hotnots” aangespreek te word, is dit verstandig om hul gevoel te respekteer — tensy natuurlik mens die rol van provokateur wil speel — maar dit is nie waarvoor 'n Minister deur die staat betaal word nie.

Ondersoek Na Boukoste

Ten antwoord op 'n vraag het die Minister van Openbare Werke in die volksraad gesê dat die kwessie van boukoste in die Unie ondersoek word deur die Nasionale Ontwikkelingstigting en, met spesiale verwysing na die Departement van Openbare Werke, deur 'n komitee wat onlangs saamgestel is. Die Regering wag die verslag van hierdie liggame af en sal stappe doen om boukoste, waar moontlik, te verminder.

Adverteerders wil graag weet of u hul naam in „Die O.B.” gesien het.

Koop hierdie by

Steyns

DIE MODEWINKEL

Parow

ONS VRA U MEDEWERKING
Versoek aan ons Lesers

Ons vra hiermee die medewerking van elke leser van *Die O.B.* Die medewerking van elke man, vrou en kind. Ja, ook u medewerking! Daar is nog honderde huisgesinne in Suid-Afrika wat graag elke week *Die O.B.* sal wil ontvang.

Wie is hulle?

Almal wat Republikeine is.

Almal wat na ware Volkseenheid strewe.

Almal wat wil help om dringende staatkundige, ekonomiese en maatskaplike hervormings teweeg te bring.

Trouens, almal wat saam wil marsjeer na die bestemming van die Afrikanervolk.

Sal u nie as skakel dien tussen hulle en *Die O.B.* nie?

Wat moet u doen?

Knip meegaande intekenvorm uit. Vul die nuwe intekenaar se naam en adres daarop in. Kollekteer 12/6 van hom of haar. Pos intekenvorm en geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad. En die nuwe intekenaar sal die blad vir een jaar ontvang.

Sal u asseblief u medewerking verleen? Baie dankie.

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

.....vir die eerste.....maande.

NAAM.....
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Britse Stelsel Het Vir Europa Nie Gedeug Sê Dr. Salazar

Die stryd van die Ossewabrandwag teen die Britse parlementarisme word van sommige kant as hopeloos beskou omdat sulke mense glo dat daar geen ander regeringsvorm moontlik is nie. As jy nie 'n parlement het met 'n opposisieparty en regeringsparty en nog 'n klomp dwarsbankers nie, het jy geen demokrasie nie, word gemeen. Aan die ander kant is daar diegene wat die Ossewabrandwag beskuldig dat hy agter vreemde stelsels aanloop—hoewel hierdie beskuldigers self die handhawing van 'n ingevoerde Britse stelsel vir die Afrikaner, wat eenmaal sy eie republikeinse stelsels gehad het, bepleit.

Eersgenoemde kritici hou nie rekening daarmee dat daar wel Europese state is wat nie die Britse parlementêre stelsel het nie en tog ware volksregerings is. In sy boek *Leer en Aksie*, gee dr. Salazar, die man wat reeds vir meer as twintig jaar die liefing van die Portugese is nadat hy die land uit die korrupte en bankrotte staat waarin die partypolitici dit laat tuimel het, gered het, sy mening in hierdie verband as volg:

„Een van die grootste dwaalbegrippe van die negentiende eeu was dat Engelse parlementarisme en Engelse demokrasie by elke Europese staat aanpasbaar was. Met die uitsondering van Switserland en 'n paar van die noordelike lande waar besondere toestande en geskiedkundige verlede daartoe meebring het dat die demokrasie wortel geskiet en met welslae gewerk het, het die parlementêre demokrasie elders gelei tot onstabiliteit en wanorde, of dit het nog verder gelei tot die despotiese beheer oor die volk deur politieke partye.

„Wanneer sake tot 'n klimaks gevoer is, ontstaan diktature

en die orde word herstel, maatskaplike toestande georganiseer, en foute herstel sodat daar 'n nuwe begin gemaak word.”

SWAKHEID

Met verwysing na toestande in sy eie land, skryf hy:

„Toestande in daardie jare van parlementarisme is gekenmerk deur swakheid en onstabiliteit in die gesag wat sowel deur die president as die hoof van die regering uitgeoefen is. Laasgenoemde was konstitusioneel onder die beheer van die kamers van verteenwoordiging, wat nie geskik was om te regeer nie en nie bereid was om hulself te laat regeer nie. Agter hierdie kamers, of liever bokant hulle, het talryke politieke liggame gestaan met hul bestuurders, ondersteun deur 'n kieserskorps (onder die plak van plaaslike politieke base, korrupt, selfsoekend en sonder ideale) wat die hoogste en laaste skeidsregter van die staatsgesag was. In sulke omstandighede kan daar nie gesê word dat ons vrye verkiesings gehad het of dat die kiesers geweet het waarvoor hulle gestem het nie.”

EIS SEDELIKHEID

Dit is opvallend hoe ook Salazar, net soos die Ossewabrandwag, nadruk lê op die sedelike aspek van ons openbare lewe. Van O.B.-kant is reeds dikwels verklaar dat ons stryd in die eerste plaas 'n etiese stryd is — 'n stryd om die deugdelike in ons volk weer te herstel waar dit so skreiend onder die korrupte voete van die partypolitiek vertrap is.

VOLKSEENHEID

Salazar sê: „Die belangrikste vir die intellektuele en sedelike ontwikkeling van die burger van die Nuwe Staat is dat hy 'n duidelike begrip moet hê van sy land en volkseenheid; van die gesin as die maatskaplike eenheid by uitstek, van gesag en van diegene wat die gesag voer, van geestelike waardes en die agting verskuldig aan elke mens, van die reg om te werk, die lofwaardigheid van deug en die heilige waarde van godsdienstige geloof. Gevolglik is ons gekant teen alle vorme van internasionale, kommunisme, sosialisme, sindikalisme, of enigiets wat die eenheid van die gesin kan skaad. Ons is teen klassestryd, ongeloof, ontrouheid teenoor 'n mens se land, teen slawerny, 'n materialistiese opvatting van die lewe, en mag bo reg.”

WORD KLEINLIK

Aan staatsmanne gee hy die volgende raad:

„Ek doen aan die hand dat alle staatsmanne hulleself moet ondersoek, want staatsmanne wat aan die genade van politieke partye uitgelewer is, is geneig om te val tot die kleingeestigheid van die groepsgees, en dit sal 'n ongeluk met treurige gevolge vir hul land wees indien hulle benede hul vermoë optree wanneer hulle aan bewind is. Uitgediende ideale en slagkrete, wat van die een geslag na die ander oorgelewer is soos familie-erfstukke, lê ten grondslag aan alle onwingsgewende en skadelike politieke optrede.

„Wat ons in baie lande hoor betreffende vryheid, demokrasie, parlemente, die regte van die volk en wêreldbroederskap is so gestandaardiseer dat klaarge- maakte toesprake om by alle geleenthede te pas, verkoop kan word soos stereotipe briewe vir die gebruik van ongeletterde minnaars.”

Die feit dat die Westerse dweepsieke demokrate nog nie teen Portugal te velde getrek het nie, is 'n dikke getuigenis vir sy nie-parlementêre regering, geskoei op eie lees.

Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B.”

VOLK SE BESTAAN BEDREIG DEUR 'N DUUR BRITSE SPEL

Brittanje is die land van die spele en ook die tuiste vir allerlei beroepspele. As 'n man vaardig met 'n spel raak, speel hy vir sy daelike brood. Hy word beroepspele en mense betaal hom om vir hulle te speel. Baie gou het die Britte ook van die lewensbelangrike saak van staatkunde 'n spel gemaak en dit „politiek” genoem—„the game of politics.” Hierdie spel is na die verowering van die Kaap en die Boere-republieke na Suid-Afrika uitgevoer.

In plaas van staatsbewind, wat in die dae van ons republikeinse onafhanklikheid gegeld het, het ons nou 'n partypolitieke spel wat deur 'n groot aantal beroepspele gespeel word vir hul eie plesier en voordeel. Daar is geen toegangsfooi om die spel te sien nie — die publiek betaal daarvoor by wyse van belasting, of hulle belang stel of nie. Die salarisse en reisgeld van die spelers en die onderhoudskoste van die spel is egter nie al wat die volk betaal nie. Die spel is van 'n baie duur aard. In plaas van 'n bal gebruik hierdie spelers die node en behoeftes van die volk as slaangod waarmee die een die ander takel.

OPWINDEND

Hoe meer akuut die node van die volk en lewensgevaarlike die probleme, hoe heerliker speel die beroepsdeelnemers van hierdie spel, want dan vlot dit, dan is die belangstelling van die publiek wat moet uitmaak wie die vyfjaarlikse prys moet kry, gespanne. En daardie vyfjaarlikse prys wat aan die wenner toegeken word, is niks anders nie as die monopolie om septe te swaai oor die volk — 'n monopolie wat egter — ooreenkomstig die reëls van die spel — uitermate beperk word deur die inhoudende dwarsboming van alle regeringspogings deur die een span, genoem die „Opposisie.”

Vir 'n halwe eeu duur hierdie spel nou voort. Sommige van die deelnemers het oud geword daar in — net soos die vraagstukke en volksnode oud geword het met die verloop van die spel. Telkemale het van die jongeres onder die volk dit gewaag om binne die arena in te spring in 'n poging om die vraagstukke — die speelgoed van die liefhebbers van die spel

— daar weg te ruk en vankant te maak. Maar dan het hierdie spelers soos een man hulle teen die „ongevraagde” inmenging van die kant van „die volk daarbuite” verset. Die spel mag nie bederf word nie, veral nie waar dit deur soveel beroepspele beoefen word wat hul daelike brood daaruit verdien nie.

Die jongste poging om die volk se staatkunde uit die kloue van die beroepspele te red, is dié van die Ossewabrandwag. Deur middel van hierdie organisasie het die volk sy magtigste poging aangewend om hierdie Britse spel te beëindig, maar voorlopig het die spelers dit reg gekry om hul speelgoed nog ongeskonde te bewaar. Daar is egter aanduidings dat die volk se belangstelling in die spel verval. En daar is rede om te glo dat die eise van die tydsgewrig waarin ons lewe die staking van die spel gaan eis.

Dit is die taak van die Ossewabrandwag om die beëindiging van die partypolitieke spel te bewerkstellig voordat ons volk soos 'n uitgeroeide wedder te laat besef dat hy sy bestaan op die spel gesit het.

Meen Stalin Wen „Koue Oorlog”

Die voormalige onderminister van buitelandse sake, W. L. Clayton, het aan die Amerikaanse huis van verteenwoordigers se komitee vir buitelandse sake gesê dat maarskalk Stalin besig is om die „koue oorlog” te wen.

Hy het by die Kongres aangedring om 'n besluit aan te neem waarin 'n federale unie van die lande wat aan die Noord-Atlantiese Verdrag behoort en ander demokratiese lande bepleit word.

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

NET 'N PAAR ITEMS

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

Boston Potlood-skerpmakers		@ 15/-	elk
Mercury Draadheg-masjiene		@ 29/6	elk
Dubbele Glas-Inkpotte		@ 6/9	elk
Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm.		@ 7/-	per Riem
Tikpapier, 13 dm. x 8 dm.		@ 7/8	per Riem
Tikpapier, 10 dm. x 8 dm.		@ 5/7	per Riem

Losblad Grootboek — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

Alle Kantoorbodighede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

Boerejeug

KOMPETISIE-LAERTREK

VERJAARDAG-KETTING

Ons wil weer van die geleentheid gebruik maak om alle lesers van die Boerejeug-blaadje wat in 1931 en daarna gebore is uit te nooi om hulle name aan die Verjaardag-ketting te stuur. Ek het al baie keer in die lysie 'n maat van my se naam opgelet en kon dan hom (of haar) gelukwens, waar ek anders nooit eers sou weet dat hulle verjaar nie. Die Verjaardag-ketting het die week 'n mooi stootjie vorentoe gekry. Van Oudtshoorn se Boerejeug het ons drie velle propvol name ontvang. Mooi so, Oudtshoorn. Julle het 'n mooi voorbeeld gestel. Hoe lyk dit dan met die baie ander maats wie se name nie in ons boeke is nie?

Ons wil die maatjies wat die week verjaar van harte gelukwens en hoop dat hulle in die jaar wat voorlê net sulke goeie, indien nie beter, Boerejeug-kamerade sal wees. Dan kan 'n mens nie veel beter nie.

FEBRUARIE

1. H. L. v. d. Westhuizen, Oudtshoorn.
2. Heille Welthagen, Rustenburg. Johanna du Toit, Middelburg, Tvl. Magdalena de Roux, Frankfort, O.V.S.
3. Anna Lesch, Wellington.
4. Cornelia Jacobs, Valswater, Tvl. Lukas Fourie, Luckhoff. Yvonne Minnaar, Paarl. Christina de Waal, Paarl. Louisa Strydom, Oudtshoorn.
5. S. W. van der Merwe, Malmesbury. Hugo Geldenhuys, Wellington.
6. Alida van Wyk, Boshoeck, Tvl. Bert Jordaan, Paarl.
7. Anna Theron, Koster, Tvl.

(vervolg in volgende kolom)

Verdere besonderhede sal later aan julle gestuur word en ook in „Die Boerejeug” verskyn. Ons wil julle maar nou net daarop attend maak en probeer vertel wat dié gaan mis wat wegbly. Outjies wat verlede jaar daar was sal weet waarvan ek praat. In elk geval, julle hoor later weer hiervan.

(vervolg van vorige kolom)
Cecilia Coetzee, Bosbokrand, Tvl. Martha Roets, Rustenburg. Hendrien Swanepoel, Wellington. 8. Willem Theron, Kakamas.

RUSLAND HET POLE BY KATYN VERMOOR, SÊ V.S.A.-KOMITEE

Na 'n gesloer van sewe jaar begin Westerse kringe tans die vinger wys na Rusland se oorlogsmisdade by Katyn. 'n Aanklag dat die Russe sowat 15,000 offisiere van die Poolse leër vermoor het, is deur die Amerikaanse komitee wat ondersoek ingestel het na die Katyn-slagting, aan die senaat voorgelê.

Die voorsitter van hierdie komitee, Arthur Bliss Lane, 'n voormalige ambassadeur in Warschau, het aan die senaatkomitee verklaar dat die Russe vir die massa-moord op 4,300 Poolse offisiere naby Katyn, ten weste van Smolensk, en op 11,000 ander offisiere elders in Pole verantwoordelik is.

Die Russiese leër het hierdie offisiere in 1939 gevangeneem, toe die Russiese en Duitse leërs Pole binnegeval het.

Na die Duitse inval in Rusland het die Russiese regering aangekondig dat hierdie Pole losgelaat is om by die Poolse leër wat in Rusland deur genl. Anders in die lewe geroep is, aan te sluit.

Maar hulle het verdwyn. Hulle massa-grafte is in 1943 in die Katyn-woud en elders deur die Duitsers gevind.

Onmiddellik na hierdie ontdekking het die Russiese regering aangekondig dat die offisiere in 1941 in die hande van die Duitse leër geval het.

Hierdie beskuldigings is ver-

vervat in getuienis wat gelewer is voor die senaat se komitee wat moet oorweeg of die V.S.A. die V.V.O. se konvensie oor die voorkoming en straf van massa-moord moet bekragtig.

Sowel die kongres van nywerheidsorganisasies as die Amerikaanse komitee van ondersoek na die Katyn-slagting het daarop aangedring dat die V.V.O.-konvensie bekragtig moet word.

Eersgenoemde het 'n klag ingedien dat 11,000,000 mense besig is om hulle letterlik dood te werk in Russiese arbeidskampe.

BOEK OOR VERSET TEEN OORLOG

Die gebeurtenisse tussen die jare 1939-1945 — „die strewe na vryheid, die verset teen die anti-Afrikaanse regering, die verbete stryd teen al die geheime magte van die Empaaier en ... die wrede vervolging wat gelei het tot voortvlugting en gevangeneskap op eie landsbodem” — word tans te boek gestel, volgens die jongste omsendbrief van die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes.

Die omsendbrief verklaar dat die boek, onder redaksie van prof. H. G. Stoker en ds. J. D. Vorster, 'n objektiewe relaas van al daardie gebeurtenisse sal gee en dat dit 'n waardevolle naslaanwerk vir toekomstige geskiedkundiges sal wees.

Een van die grootste Afrikaanse uitgewers het onderneem om die boek te publiseer.

Pad Eis Meer Slagoffers As Slagveld

Gedurende die jare 1940-1944 het Suid-Afrika meer as dubbel soveel ongevallen op die pad gehad as op die slagveld, volgens syfers verstrek deur die Padveiligheidsnuusbrief. Die oorlogsongevallen vir daardie tydperk het altesame 23,269 beloop teenoor 54,987 wat op ons paaie gedood of beseer is.

Van laasgenoemde getal was 3,917 noodlottig, 10,347 ernstig en 40,987 lig beseer.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groot Kerkgebou 703, Posbus 1411 Kerkplein, Kaapstad.

O.B. GAAN KOERS AANDUI

Donderdagaand, 26 Januarie, het die Offisiërsraad van die Oudtshoornse generaalskap in die Komiteekamer van die Stadsaal op Oudtshoorn vergader onder voorsitterskap van hoofgenl. Jurgens Schoeman. Genl. Schoeman het die besoekende offisiere, genl. J. A. Smith en genl. W. R. Laubscher, sowel as die aanwesiges hartlik welkom geheet.

Genl. J. A. Smith het gepraat oor die taak wat die O.B. in hierdie dae te verrig het. Hy het gesê dat die tyd ryp is vir die O.B. om sy eie besondere en positiewe bydrae te lewer. Die politieke partye stel die groot probleme van ons volk uit instede van dit op te los. Onder hierdie omstandighede durf die O.B. nie stil sit nie; die Beweging moet sy stem laat hoor en vir die volk die pad na dade aandui.

Genl. Laubscher wat oor die politieke situasie gesels het, het gesê dat die O.B. onder geen omstandighede mag toelaat dat die vyandskap enersyds en die passiwiteit andersyds van politieke partye sy aksie bevries nie. Die O.B. is gebore en hy het opgegroei om 'n bepaalde taak te verrig in Suid-Afrika. En niks mag in die pad staan van die verrigting van daardie taak nie. Vir die O.B. is dit nie alleen 'n kwessie van eer nie, maar boweal van plig.

Daarom sal die O.B. weer eersdaags by herhaling sy geloofsgelydenis openbaar; die lewensbeginsels waarvoor die Beweging stry, aan die volk bekend maak; en sy strydterrein

aankondig.

Ten slotte het genl. Schoeman organisasiesake met sy offisiere bespreek. Hy het opdrag gegee dat die vergeleë kommando's



Hfgenl. Jurgens Schoeman.

hul eie vryheidsfeeste moet reël en dat die kommando's rondom Oudtshoorn moet probeer om een gesamentlike fees op 'n sentrale terrein te hou.

Genl. Schoeman het ingewillig om die fees van die Unionele kommando's te gaan toespreek.

Na-Oorlogse Oorlogsmisdade

Russiese „oorlogsmisdade” — vier jaar ná die oorlog wat gevolg is deur 'n Neurenbergse hof om aan die wêreld 'n voorbeeld te stel — vind tans in die Westerse pers 'n beskeie plekkie. Van die klompie Duitsers wat so pas losgelaat is uit die Russiese konsentrasiekampe in Duitsland — aan die hoof waarvan staan 'n voormalige Russiese aanklaer van die Neurenbergse hof! — is 'n paar deur die pers ondervra. Een getuie, wie se gesig oortrek was van sere, aldus die berig, het vertel dat hy voorsitter was van 'n plaaslike tak van die Nasionaal-Sosialistiese Party en dat hy in 1945 deur die Russe gevang is (met die oog op die „heropvoeding” waartoe die Geallieerdes besluit het). Onder weeg na sy bestemming saam met ander Nazi's het ongeveer 100 beswyk aan honger en uitputting. In Tost, waar hulle 'n tydlang aangehou is, het driekwart van die gevangenes gesterf. Hulle was almal oud-Nazi's en 500 van hulle is in 'n kerk saamgepers waar luise, rotte en tifus hoogty gevier het. Hulle was nie in staat om hul bene reguit te maak nie. Snags het die Russe die lyke — soveel as 60 met 'n keer — uitgegooi en nuwe gevangenes in hul plekke die volgende dag gebring.

S.A. Slenter Soos Boemelaar

In sy openingsrede by die Paarise tentoonstelling het die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, mnr. G. J. Rossouw, gepleit vir die beplande ontwikkeling van Suid-Afrika se natuurlike hulpbronne, groter produksie van voedsel en 'n waarborg aan die boere dat die las van surplusproduksie nie op hul skouers gewerp sal word nie.

Op die vraag of die regering 'n duidelike ontwikkelingsplan het, is daar net een antwoord, het hy gesê, en dit is 'n onvoorwaardelike „nee.” Dit geld vir sowel regerings van die verlede as die huidige. In hierdie opsig, het hy gesê, is sy Suid-Afrika soos 'n boemelaar wat rondslenter sonder enige bestemming voor oë.

V.S.A. Openbaar Russiese Greep Op Verre Ooste

Onderwyl ponde-, sjielings- en pennies-bewuste Britte nog besig is om aan die wêreld te vertel hoe demokraties en nasionaal die Sjinese Kommuniste is wat hul regering so pas erken het—en daarby toevallig 'n paar honderd miljoen pond se Britse belange in Sjina beveilig het—het die Amerikaanse regering 'n dokument vrygestel waarin 'n geheime ooreenkoms tussen vaders van Stalin en pappas Mao Tse-Toeng bekend gemaak word ter verstewiging van Rusland se greep op „vrye en demokratiese” Sjina.

In 'n omvattende „agtergrond”-dokument wat deur die departement van buitelandse sake uitgereik is, word verklaar dat Rusland nou die rykste nywerheidsgebied van Sjina stewig agter die Verre Oostelike deel van die ystergordyn geplaas het. In hierdie verklaring word onlangse bewerings van die minister van buitelandse sake, Dean Acheson, bevestig.

Acheson het onlangs in 'n toespraak op die nasionale persklub gesê dat Rusland besig is om Mantsjoerye, Buite-Mongolië, Sinkiang en Binne-Mongolië by Rusland in te lyf.

Die departement van buitelandse sake het verklaar dat Rusland se oogmerke gedeeltelik gerugsteun word deur twee „geheime ooreenkomste”, wat bekend staan as die Moskouse Ooreenkoms en die Harbin-ooreenkoms. Kragtens hierdie ooreenkomste sou verdere spesiale regte aan Rusland in Mantsjoerye toegestaan word.

AGTERGROND-DOKUMENT

'n Woordvoerder van die departement van buitelandse sake verklaar dat hierdie „agtergrond”-dokument maar 'n deel van die departement se data oor hierdie saak bevat. Die departement beskik oor ander inligting wat hy nie nou openbaar sal maak nie.

Die volgende opsomming oor bogenoemde vier gebiede is verstrekt: In Buite-Mongolië het die Russe volkome binnegegrind; die sogenaamde regering wat daar deur die Russiese militêre magte ingestel is, is deur Rusland erken. In Mantsjoerye maak Rusland van die 1945-verdrag gebruik om sy ekonomiese en politieke oorheersing uit te brei.

Russiese troepe het Dairen en Port Arthur beset. Russiese invloed in die binnelandse militêre magte word oor die algemeen erken en openlik aanvaar deur die Sjinese Kommuniste. Rusland neem deel aan geheime polisiebedrywighede in Mantsjoerye. Op die oomblik is Rusland besig om uitgebreide regte in die olie- en goudmyne te verkry.

POPPE-REGERING

In Binne-Mongolië is 'n half-outonomiese poppe-regering aan die bewind en die gebied is net losweg met die Sjinese kommunistiese owerheid geaffilieer.

In sy opsomming van hierdie toestande verklaar die departement van buitelandse sake dat die tydsverloop voordat hierdie gebiede by Rusland ingelyf is, net van die Russiese tydsrooster en moontlike weerstand aan die kant van Sjina sal afhang.

SPOG MET NUWE AFWEER-WAPENS

Die Verenigde State besit skouspelagtige nuwe wapens — o.a. lugdoelgeskut wat vanself mik en wat daartoe kan meewerk om 'n bykans ondeurdringbare verdediging teen supersoniese vliegtuie te vorm.

Hierdie inligting is verskaf aan die Amerikaanse Senaat se komitee vir strydmagte, en is afkomstig van sen. Henry Cabot Lodge wat in die jongste oorlog 'n offisier was en tans lid is van die reserwemag van die Amerikaanse leër. Hy het so pas terug gekeer van 'n krygsfabriek in Texas.

Lodge meld dat ontwikkelings ten opsigte van beheerde werptuie sulke krygsverrigtinge soos die inval in Normandië onmoontlik sal maak. „Ons moet alles in ons vermoë doen om Wes-Europa te behou, daar dit miskien onmoontlik kan wees om dit terug te vat van 'n besettende vyand.”

Daar is in militêre kringe 'n sterk gevoel dat Rusland ver agter Amerika staan ten opsigte van beheerde werptuie, maar daar is geen presiese feitegrondslag vir hierdie gevoel nie, het hy verklaar.

„LUGBESEM”

Lodge het voorts gesê dat die Amerikaanse leër se nuwe lugdoelgeskut vliegtuie kan opspoor wat teen 1,000 myl per uur en op 'n hoogte van 80,000 voet vlieg — en dit wanneer hulle nog 175 myl ver is. Dit bied die verdedigende magte 'n volle tien minute waarskuwing om hul lugafweerkanonne gereed en hul onderskeppende vliegtuie in die lug te kry.

As verdediging teen 'n verrassingsaanval deur laagvliegen-

de bomwerpers, het die leër 'n „lugbesem” wat die lug letterlik „onbewoonbaar” sal maak.

TE GERUS?

In 'n bespreking oor die kanse van die Westerse volke in geval van oorlog het die ingeligte blad Intelligence Digest — wat verlede jaar in 'n amptelike waardasie vir betroubaarheid in Amerika nommer een van alle blaie gestel is — as volg geskryf:

„In die hoogste Amerikaanse strategiese beplanningskringe word egter geredeneer dat die verdediging besig is om die aanval in te haal en dat getaloorwig nie te ernstig opgeneem hoef te word nie. 'n Soortgelyke mening is deur deskundiges voor die uitbreek van die vorige oorlog uitgespreek. In werklikheid het die aanval in 'n baie groot aantal gevalle sy meerwaardigheid getoon.

„Ons inligting lei ons nie tot die gevolgtrekking dat die verdedigende maatreëls van die Atlantiese moondhede en hul veerlede enigens binne sig van meerwaardigheid oor die Russiese aanvalsvermoë op land is nie. Ons vrees dat sekere hooggeplaastes in die gevaar verkeer om in hierdie opsig mislei te word deur wetenskaplikes wie se teoretiese kennis bestaande magte en wapens ver vooruit is. Die gaping tussen wat teoreties moontlik mag wees en die toestand wat bestaan en waarskynlik sal bly bestaan, is baie wyd.”